

11

NAGMAAL God vergewe my

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Nagmaal ons daaraan herinner dat God ons vergewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- die Nagmaal ons daaraan herinner dat Jesus sy lewe vir ons gegee het.
- die brood en wyn by die Nagmaal verwys na Jesus se liggaam en bloed.
- die Nagmaal hulle verseker van hul verlossing.

Gesindheid

Die kinders moet met Nagmaal dankbaar wees dat God hulle liefhet en verlos.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die betekenis van die Nagmaal ken.
- vir God dankie sê dat Hy met die Nagmaal bewys dat Hy hulle liefhet.

MEER INLIGTING (Eksodus 12: 1-13; Markus 14: 22-25; 1 Korintiërs 11: 23-26)

Lank voor Jesus se geboorte was die Israeliete slawe in Egipte. Die Here het hulle met groot wonderwerke verlos. Die wonderwerke was die 10 plae. Die laaste plaag was die dood van die oudste kinders in die Egiptenaars se gesinne. Om te verhoed dat die oudste kind van die Israeliete sterf, moes elke gesin 'n lam slag en die bloed van die lam aan die deurkosyne smeer. Daardie nag is die oudste kinders van elke gesin van die Egiptenaars dood. Dit was so erg vir die farao dat hy die volk uiteindelik laat trek het. Daardie nag is ook 'n paasmaaltyd voorberei.

Die geslagte lam se vleis is gaargemaak, en die Israëliete het brood sonder suurdeeg geëet. Die Israëliete vier tot vandag toe paasfees wanneer hulle die paasmaaltyd eet. So onthou hulle hoe God hulle uit Egipte verlos het.

Baie jare daarna het God ons ook verlos. Jesus, die Lam van God, het swaar gely en is gedurende die paasfees in Jerusalem gekruisig om ons van ons sondes te verlos. Die nag toe Jesus verraai is, het Hy saam met sy dissipels die paasmaaltyd geëet. Terwyl hulle eet, het Jesus nuwe betekenis aan die paasmaaltyd gegee. Hy het by daardie geleentheid die Nagmaal ingestel. Hy het brood gebreek en vir elkeen 'n stukkie gegee om te eet. Hy het die beker met wyn omgestuur, en elkeen moes 'n slukkie drink. Met die instelling van die Nagmaal word brood en wyn tekens van Jesus se liggaam en sy bloed. Die brood is 'n teken wat ons herinner aan die liggaam van Jesus wat aan die kruis gesterf het. Die wyn herinner ons aan sy bloed wat vir elkeen gevloei het om ons sondes weg te neem. Die tekens herinner ons aan iets wat regtig gebeur het. Elke keer as jy die brood en die wyn by die Nagmaal sien, moet jy onthou dat God ons van ons sonde verlos het en dat Hy ons liefhet.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Wit tafeldoek.
- 'n Bord en 'n beker.
- Gesnyde brood en rooi druiwesap of swart tee.
- 'n Potlood.
- 'n Gepaste tafel wat gedek is soos vir Nagmaal.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders lees wat hulle neergeskryf het en waarvoor hulle dié week gebid het.
- Laat 'n paar van hulle in hul boeke wys waar hulle hul hande afgeteken het.
- Vra hulle om drie dinge te noem wat hulle doen as hulle bid.
(As ek bid –
 - *dank en prys ek die Here.*
 - *bid ek vir myself en vir ander.*
 - *vra ek die Here om my te vergewe.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Vra die volgende vrae:
 - Wie van julle het al gesien dat die grootmense so vier keer 'n jaar tydens 'n erediens voor in die kerk aan 'n tafel gaan sit?
 - Wat noem ons daardie geleentheid? (*Nagmaal.*)

- As hulle aan die tafel sit, wat doen hulle daar? (*Hulle eet 'n stukkie brood en drink 'n bietjie wyn.*)
- Weet julle hoe die Nagmaal ontstaan het?
- Vandag gaan ons leer wat die Nagmaal is en hoe dit ontstaan het. Ons noem die Nagmaal 'n sakrament. Ons het twee sakramente: Die Nagmaal en die doop.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel vir hulle die verhaal van Israel se verlossing en Jesus se instelling van die Nagmaal.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende feite weer in:

- Nagmaal laat ons daaraan dink dat God ons vergewe.
- Nagmaal is die teken dat Jesus sy lewe vir ons gegee het.
- Die brood en wyn by die Nagmaal is tekens van Jesus se liggaam en bloed.
- Nagmaal verseker ons van ons verlossing.
- Ons moet dankbaar wees dat God ons liefhet en verlos.

IETS OM TE DOEN

- Aan die hand van die gedekte tafel, verduidelik vir die kinders die betekenis van die Nagmaal.
- Breek vir elkeen 'n stukkie brood af om te eet – sê hulle moet dink aan Jesus se liggaam wat aan die kruis “gebreek” is.
- Gee vir elkeen 'n slukkie druiwesap – sê hulle moet dink aan Jesus se bloed.
- Laat die kinders die ontbrekende woorde invul:
 - is een van ons sakramente. (*Nagmaal.*)
 - het aan die kruis gesterf om ons sondes weg te neem. (*Jesus.*)
 - Brood is die teken van Jesus se (*liggaam.*)
 - Wyn is die teken van Jesus se (*bloed.*)

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders aan die hand van die Nagmaal die ontbrekende woorde invul:
 - Brood is die teken van Jesus se (*liggaam.*)
 - Wyn is die teken van Jesus se (*bloed.*)
 - Nagmaal is een van die kerk se twee (sakramente.)
 - het sy lewe vir ons gegee. (*Jesus.*)
 - Jesus het ons van ons sondes (*verlos.*)
- Laat die kinders vir hul ouers vertel wat hulle van die Nagmaal geleer het.

Leer

Laat hulle 1 Korintiërs 11: 24 gaan leer: *Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.